

Teenmiddels vir Gifstowwe.

LEES EERS:- Maak eers seker presies waarvoor en hoe die produkte gebruik moet word. Die onus rus op u as die moontlike verbruiker om seker te maak van die gebruike en feite van die verskillende genoemde produkte. Hou alle gifstowwe en medisyne buite die bereik van kinders. Die wan-gebruik van middels kan ernstige nagevolge hê. Wat om te doen:

- 1.) Wanneer vergifting vermoed word, raadpleeg onmiddelik 'n mediese dokter.
- 2.) Terwyl daar gewag word vir 'n dokter dien 'n teenmiddel toe.
- 3.) Andersins moet die pasiënt dadelik na die naaste hospitaal geneem word.
- 4.) Voorsien alle nodige inligting aan die dokter indien moontlik. Probeer vasstel wat die pasiënt ingeneem het, hoe lang tydperk verloop het na inname, voorsien die houër of 'n monster van die middel in 'n veilige houër, in die geval waar daar meer as een middel in die teen woordigheid is voorsien die inligting of monsters van almal aan die dokter, dit sal sy taak vergemaklik om die pasiënt te behandel.

Emetikum - 'n Middel wat vomering veroorsaak. Ipekakuanha-tinktuur, mosterd of sout in warmwater.

Oë - In die geval van vreemde stowwe in die oë, was die oë met vars melk, wees versigtig vir oogdruppels indien u nie heeltemal seker is dat dit die regte druppels is nie. Party van hierdie produkte kan dalk die pyn en skade vererger as gevolg van die bestandele wat daarin vermeng is. Jy het net twee oë, wees versigtig met hulle.

Aspirien - Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood, water of melk en Magnesiummelk in sterk tee. Gee daarna 'n emetikum en dan koeksoda in warm water.

Insekdoders - Met D.D.T. (verwys na miërgif).

Jodiumekstrak - Gee 'n dik styselmengsel. Gee daarna sout in warm water totdat die braaksel helder is en dan sterk tee of koffie.

Kanferolie - Gee 'n emetikum.

Ontsmettingsmiddel - (Karbolsuur). Gee melk of eierwit en daarna sterk tee of koffie.

Paraffien - Gee aptekersparaffien, daarna sterk tee of koffie.

Paregorie - Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiummelk in ster tee en gee daarna 'n oplossing van Engelse sout in water.

Seepsoda - MOET NIE braking (vomering) aanhelp nie. Gee 'n mengsel van ½ water en ½ asyn, daarna soet- of olyfolie of eierwit. Vars suurlemoensap sal die alkali neutraliseer.

Slaappille - Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiummelk in sterk tee en gee daarna 'n emetikum. Wanneer die pasiënt opgegooi het, gee dadelik Engelse sout in water en sterk tee of koffie.

Terpentyn - Gee aptekers paraffien en sterk tee of koffie.

Strignien en Strignienpreparate - Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiummelk in sterk teen en daarna 'n emetikum indien daar nog geen simptome van strignien vergiftiging is nie.

Sure - Gee 'n mengsel van gebrande roosterbrood en Magnesiummelk in sterk tee. MOET NIE braking (vomering) aanhelp nie. Drink besonder baie water of melk direk hierna om die suur te verdun.

Voedselvergiftiging - Gee 'n emetikum, daarna 'n oplossing van Engelse sout in water en dan sterk tee of koffie.